NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

13528
HATFIELD, 0028, SA
+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380
abr@ngkerk.org.za

# Algemene Bevoegdheidsraad (ABR)

# Omsendskrywe

**Jaargang 1 Nommer 2** **Derde kwartaal 2012**

## Goeiedag uit die kantoor van die ABR

Dit is met dankbaarheid dat die ABR verslag kan doen oor sy vordering die afgelope kwartaal. Soos met enige nuwe projek, gaan dit met baie groeipyne gepaard. Daar was 'n lang en moeisame proses gevolg om die jongste en mees korrekte inligting te bekom sodat ons die predikantedatabasis op datum kon bring. Die proses is byna voltooi en sal binnekort oor die mees resente data beskik om die breë kerk te kan bedien.

'n Besondere woord van dank aan al ons onderskeie sinodale kantore wat meegewerk het met die insameling van die data. Ons het ook baie sterk gesteun op die inligting wat in die Jaarboek 2012 beskikbaar is. Die databasis is nou ook meer verbruikersvriendelik en daar word onderskei tussen die volgende persone wat oor bevoegdheid beskik:

- ***Leraars met volle ampsbevoegheid*** – dit sluit die voltydse leraars, tentmakers en kontrakleraars in. Kapelane, dosente en predikante in sinodale diens word ook hier gelys. Leraars wat in ander kerke (ook in die buiteland) werksaam is, word ook onder hierdie kategorie gegroepeer.
- ***Persone wat oor proponentsbevoegdheid beskik*** – dit sluit alle proponente in wat voltyds of deeltyds in die kerk betrokke is. Proponente wat op grond van studies en artikel 11 hulle proponentsbevoegdheid behou het, resorteer ook onder hierdie kategorie.
- ***Emeriti*** – in hierdie kategorie val alle predikante wat geëmeriteer het en wat óf voltyds in 'n gemeente betrokke is, óf emeriti wat geen gemeentewerk meer verrig nie.
- ***Beperkte bevoegdheid*** – hier vind ons die enkele leraars wat met beperkte bevoegdheid gelegitimeer is.
- ***Uitgetrede leraars*** – hierdie is die groep persone wat deur die NG Kerk gelegitimeer is, maar nou leraars in ander kerke is asook persone wat uitgetree het en hulle bevoegheid verloor het.

## In hierdie uitgawe:

**Wat het die ABR hierdie kwartaal gedoen?**
1. Algemene navrae
2. Bevoegdheidsaangeleenthede
3. Aansoek om colloqium doctum
4. Besoeke aan sinodes

**Vrae wat die afgelope tyd aan die ABR gevra is:**
1. Die registrasiefooi is eensydig bepaal sonder konsultasie met kerkrade en ringe.
2. Moet die werkgewer (kerkraad) die registrasiefooi gedeeltelik betaal?
3. Wat gebeur as die predikant nie registreer en die jaarlikse registrasiefooi betaal nie?

**Wat stel die ABR in die vooruitsig?**
1. Handleidings
2. Mobiliteit/standplaasverwisseling
3. Predikantebegeleiding
4. Wetgewing

**Slot**

Met die databasis wat nou in volle werking is, is u welkom om enige navrae aan die kantoor te rig in verband met enige persoon se bevoegdheid.

# Wat het die ABR hierdie kwartaal gedoen?

## 1. Algemene navrae

Die ABR het die afgelope kwartaal meer as 200 navrae hanteer. Dit het gewissel van persoonlike navrae oor persone se bevoegdheid; registrasie-vorms en –fooie wat aangevra is; bewegings van leraars; ens. Baie navrae is ook gerig aan die Bestuurder insake die ABR se funksionering; uitgawes; adviese wat beskikbaar is en algemene navrae aan die ABR.

Baie van die navrae het ook gehandel oor diensooreenkomste wat kerkrade gebruik en ander kerkordelike en arbeidsregtelike sake. Enkele navrae was vanaf gemeentes waar daar kerklike ondersoeke aan die gang is en leiding verlang word in terme van die hantering van diensverhoudinge en kerklike tug en dissipline.

## 2. Bevoegdheidsaangeleenthede

Die ABR het hierdie kwartaal meer as 20 aansoeke hanteer wat die een of ander vorm van bevoegdheid behels het. Hierdie aansoeke het gewissel van leraars wat aansoek doen om hulle bevoegdheid te behou op grond van die prosedures soos voorgeskryf in artikel 11 van die Kerkorde, tot emeriti wat weer verlang om tot die aktiewe bediening toe te tree. Enkele gevalle is ook hanteer waar tugmaatreëls opgehef is en die betrokke leraar weer beroepbaar gestel kon word.

## 3. Aansoek om colloqium doctum

Die ABR het ook in hierdie periode een aansoek hanteer van ’n persoon wat op die voorgeskrewe wyse aansoek gedoen het om weer tot die bediening toe te tree deur die aflê van ’n colloqium doctum.

## 4. Besoeke aan sinodes

Ds Marius Cornelissen (voorsitter) en dr Dewyk Ungerer (bestuurder) het die voorreg gehad om die volgende Sinodes/sinodale streke te besoek:

- ⇨ Oostelike Sinode tydens hulle sinodesitting in Pretoria.
- ⇨ Die Sinode van die Oos-Kaap tydens hulle sinodesitting in Port Elizabeth.
- ⇨ Die predikante in die Vrystaat tydens hulle Winterweek in Bloemfontein.
- ⇨ Noordelike Sinode.

Die werksaamhede en dienste van die ABR is met ’n ‘powerpoint’-aanbieding aan die sinode-gangers en predikante vertoon. Die reaksie en terugvoer was deurgaans baie positief en daar was onder die meerderheid persone ’n opgewondenheid oor die diens wat die ABR aan die breë kerk kan verleen.

Daar is ’n groot afwagting by die ander sinodes wat ons nog moet gaan besoek.

# Vrae wat die afgelope tyd aan die ABR gevra is:

**Die registrasiefooi is eensydig bepaal sonder konsultasie met kerkrade en ringe**

Van die vele navrae wat aan die ABR gerig is, het gehandel oor die registrasiefooi. Hierdie opmerkings het gewissel van “hoe is die bedrag van R500.00 per jaar saamgestel” tot kerkrade wat nie wil betaal nie omdat dit nie deel was/is van hulle begrotingsprosesse nie.

In die eerste plek moet die leraar jaarliks registreer – dit is ’n ou bepaling in die Kerkorde in die Reglement vir die opleiding en bevoegheid van predikante. Dit is amper ondenkbaar dat persone die jarelange gebruik van opleiding en legtimasie, wil losmaak van die legitimiteit wat die breë Kerk aan persone verleen om as geordende predikant in ’n gemeente te werk. Dus is die predikant verantwoordelik om sy legitimasie in stand te hou.

Die Algemene Sinode verleen aan die predikant sy ‘lisensie’ om te praktiseer as predikant deur hom/haar te legitimeer. Daarom bepaal die Algemene Sinode as ‘lisensiegewer’ die voor-waardes van die lisensie. So word van tyd tot tyd bepaal wat die akademiese inhoud van die op-leiding moet wees, die kerklike eksaminering asook ander legitimasievoorwaardes (‘lisensie-voorwaardes’). Die Algemene Sinode konsulteer nêrens met kerkrade en/of ringe oor hierdie voorwaardes nie. Dus het hy ook nie die plig om

**Blaai asb na bl 3**

Vervolg van bl 2

eers met werkgewers soos kerkrade te konsulteer oor sy lisensievoorwaardes nie. Daarom het die Algemene Sinode as Beleidsinode ook die reg om die beleid te formuleer en ook die jaarlikse registrasiefooi te bepaal.

### Moet die werkgewer (kerkraad) die registrasiefooi gedeeltelik betaal?

Vir enige persoon om die voorregte te geniet wat hy/sy ontvang wanneer hy/sy oor hierdie bepaalde 'lisensie' beskik (na legitimasie), is dit nodig dat hy/sy daardie 'lisensie' in stand moet hou.

Dit beteken dat die lisensiehouer (predikant) ook die lisensievoorwaardes sal nakom deur onder andere die jaarlikse registrasiefooi te betaal. Vir hierdie registrasiefooi is die lisensiehouer uitsluitlik verantwoordelik. Aangesien die ABR alle sake wat predikante raak, nou onder een sambreel hanteer, is dit 'n nuwe sisteem wat gevestig moes word. Die ASM het dus versoek dat werkgewers (kerkrade) die predikante sal help om ten minste die eerste jaar 'n 50% van die registrasiefooi te betaal.

### Wat gebeur as die predikant nie registreer en die jaarlikse registrasiefooi betaal nie?

Een van die vrae wat meer dikwels opduik, is die vraag "Wat gebeur as ek nie betaal nie?"

Die ABR se primêre taak is om die bevoegdheid van ons leraars te bestuur en toe te sien dat daar behoorlike administrasie gedoen word. Die ABR is nie by magte om enige gelegitimeerde se bevoegdheid eensydig weg te neem nie.

Die ABR bestuur slegs die bevoegdheidsregister en leraars/proponente se bevoegdheid sal net deur die ABR verander/weggeneem kan word op grond van onder andere, die volgende redes:

- ⇨ Die persoon bedank uit die NG Kerk en verloor so sy bevoegdheid.
- ⇨ 'n Leraar/proponent word deur die kerklike prosedure in 'n tug/dissiplinêre ondersoek skuldig bevind en sy/haar bevoegdheid word weggeneem.
- ⇨ Persone voldoen nie aan die gestelde vereistes wat deur die Algemene Sinode gestel is, deur bv jaarliks aan te meld nie.

Sou 'n leraar dus nie registreer en jaarliks die vasgestelde registrasiefooi betaal nie, sou die ABR geensins sy/haar bevoegdheid eensydig opskort nie.

Wat wel sal gebeur in so 'n geval, is dat die ABR dit onder die aandag van die betrokke leraar se ring sal bring met kennisgewing dat die leraar nie besluite van die breër kerkverband uitvoer nie. Verder sal dit ook beteken dat die betrokke leraar ook in debiet is in terme van sy/haar registrasiefooi en dus die volle bedrag steeds verskuldig bly en dit iewers in die toekoms verhaal sal word.

# Wat stel die ABR in die vooruitsig?

## 1. Handleidings

Aangesien die ABR in diens van die breë kerk is, het hy homself ten doel gestel om die kerk te bedien met volledige handleidings wat deur die kerk gebruik kan word sodat daar altyd eenvormigheid is en aan die eise van billikheid en regverdigheid voldoen word. Die ABR werk tans aan die volgende volledige handleidings:

1.1 Prosedure vir 'n kerklike dissiplinêre ondersoek (wat hoofsaaklik spruit uit die diensverhouding).
1.2 Prosedure vir 'n kerklike tugondersoek (wat hoofsaaklik spruit oor ergerlike sondes waar leer en lewe ter sprake is).
1.3 Prosedure by die hantering van 'n appél.
1.4 Prosedure wat gevolg moet word by die aansoek om hertoelating (colloqium doctum).
1.5 Prosedure by standplaasverwisseling.

***Die volgende handleidings is reeds vir die breë kerk beskikbaar:***

1.1 Bestuurshandleiding vir Diensverhouding (tans in hersiening)
1.2 A-Z Beleid

## 2. Mobiliteit/standplaasverwisseling

Een van die mees belangrike faktore vir versekering van groei, werkstimulasie, werksbevrediging en werksentoesiasme van enige werker, is die geleentheid om gereeld aan nuwe en ander werksomstandighede blootgestel te word (in die literatuur bekend as 'development'). Dit verhoed afstomping, uitbranding, stagnering en dat individue met ander sake besig raak (baie maal buite hul werkkring) om sinvolheid te beleef.

Daarom vind 'n mens dat meeste mense van

**Blaai asb na bl 4**

tyd tot tyd na ’n nuwe werkkring moet aanbeweeg, beide vir die heil van die individu en die organisasie.

In die rondbeweeg tussen gemeentes en gesprekke met vele leraars en kerkrade, is die frustrasie van beide leraars en gemeentes gehoor oor die feit dat sommige leraars óf te lank in die gemeente is en begin stagneer, hulself en hul gemeentes begin frustreer óf bloot net nie by die spiritualiteit en werkswyse van die gemeente inpas nie.

As kerk sal ons beter na ons leraars en hul ‘ontwikkeling’ ook deur verskillende blootstellings moet omsien. Hoe effektiewe standplaaswisseling kan en moet plaasvind, is egter ’n ope vraag aangesien die huidige sisteem nie goed genoeg werk nie. Daarom gaan die ABR indringend oor ’n wye front konsulteer, ook met ander kerke in ons tradisie oor hoe om die saak die beste aan te spreek tot voordeel en welwese van almal.

Ons nooi dan ook leraars en gemeentes uit om insette te lewer, gedagtes te opper en konsepvoorstelle na die tafel te bring oor hoe ons as kerk hieroor moet dink en die saak in die toekoms moet aanspreek.

### 3. Predikantebegeleiding

Predikantebegeleiding het nou nuwe staanplek onder die sambreel van die ABR gekry. Ons is opgewonde oor die pad vorentoe en sal graag die bedieningsvreugdemodel nog verder wil uitbou, saam met al die ander rolspelers wat onder die nuwe sambreel saamwerk.

**Goeie en lekker nuus**

Die jaarlikse werkswinkel vir die persone wat leiding neem met predikantebegeleiding, in al die sinodes, het plaasgevind in Mei 2012. Dit was lekker om te hoor hoe elke sinode op hulle eie manier aandag gee aan die breë riglyne van die bedieningsvreugdemodel. Daar is ook weer met die VBO-Forum gesels oor sake van gemeenskaplike belang. Sake wat tydens die werkswinkel nuwe en/of spesiale aandag gekry het was die volgende: Moontlike uitbreiding van VBO krediete; standplaaswisseling en mobiliteit; die moontlikheid van ’n sentrale kas om mobiliteit te verbeter; hoe om tweede loopbaan studente beter te akkommodeer; moontlike tweede loopbane vir predikante; aftree ouderdom en voorsiening van predikante; mentors en brugbediening.

**Slegte en hartseer nuus**

Daar word van tyd tot tyd berigte ontvang dat dominees, maar veral jong dominees en teologiese studente, baie sleg behandel word in gemeentes. In baie gevalle word hierdie persone ook finansieel baie sleg vergoed vir dit wat van hulle verwag word. Dikwels is dit ander dominees, kollegas in dieselfde gemeente, wat hulle skuldig maak aan die uitbuiting en slegte behandeling van teologiese studente en jonger dominees. In hierdie verband wil Predikantebegeleiding kerkrade, en dominees, versoek om nie sulke optrede toe te laat nie. Diensverhoudingskommissies van gemeentes behoort aandag te gee aan die dienskontrakte van alle leraars om sulke voorvalle te voorkom. Waar teologiese studente en proponente in gemeentes werksaam is, behoort ook kontrakte opgestel te word – ter beskerming van alle partye. Ringe en ringsskommissies word ook gevra om deurentyd aandag aan hierdie saak te gee.

### 4. Wetgewing

Die ABR is ook gereeld besig om aandag te gee aan die nuutste wetgewing en sake wat veral die leraars raak. Tans is ons besig met die gesprek rakende predikante se optrede as geestelike en pastorale versorgers wat soms lewensverandering by lidmate bewerk deur goeie berading. Die gesprek word gevoer met onder andere persone wat betrokke is/was by wetskrywing.

Daar word ook, saam met die Kantoor van dr Ben du Toit, gesprek gevoer met die Departement van Binnelandse Sake (Registrateur van Huwelike) om huweliksbevestigers te help wat probleme ondervind.

## Slot

Na die eerste paar maande van vestiging en sake in plek kry, is die ABR opgewonde oor die diens wat hy aan die leraars en kerkverband kan lewer.

Baie dankie vir al die navrae die afgelope maande. Die ABR sal van nou af al meer en vinniger kan reageer op die navrae en as hulp versoek word.

U is welkom om enige navrae, behoeftes en voorstelle aan die ABR kantoor te rig.

Dr Dewyk Ungerer is beskikbaar op Maandae en Woensdae. Hy kan gekontak word by:


Tel : 012 342 0092
Sel : 082 572 6463
E-pos : abr@ngkerk.org.za